



INTERNASIONALE MARKTE

-LOPIE OP INTERNASIONALE MARKTE DUUR VOORT

MAATSKAPPYRESULTATE STEUN AANDEELPRYSE

Die prysstygings vir internasionale aandele het in April voortgeduur, ná die stewige stygings (+12.2%) wat vir die eerste kwartaal aangeteken is. Die MSCI Indeks vir Alle Lande het die maand 3.4% hoër gesluit, ondanks die nuus van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) dat groeiverwagtinge vir die internasionale ekonomie afwaarts aangepas is tot 3.3%, teenoor die vorige 3.5% wat in Januarie vir die jaar verwag is.

Maatskappyresultate het beter pryse in April gesteun en die S&P 500 het 4% hoër as in Maart gesluit. Hierdie indeks staan nou op +18% jaar tot datum. Meer as die helfte van die maatskappye wat in die S&P 500 ingesluit is het in April resultate aangekondig. Die gemiddelde groei van verdienste staan op 2.5% jaar op jaar. Dit is wel baie minder as die stygings van meer as 23% wat in die eerste kwartaal van 2018 bekend gemaak is, maar daardie syfers was grootliks te danke laer korporatiewe belasting vir Amerikaanse maatskappye. Die positiewe verdienste-syfers het verwagtinge oortref – die meeste ontleders het voor die verdienste-syfer seisoen begin het algemeen verwag dat dit laer gaan wees.

Die Eurostoxx 50 Indeks het die maand 5.5% hoër afgesluit, ondanks swak nywerheidsyfers wat in Duitsland en Frankryk bekend gemaak is. Dit het die Euro-area se blootstelling aan 'n verlangsamings in internasionale vraag bevestig.

Ontwikkelde markte het weereens beter (+3.5%) as ontluikende markte (+2.1%) gevaar, veral danksy 'n swakker vertoning deur die Shanghai Saamgestelde Indeks (-0.4% vir die maand). Brasilië het ook nie waffers gevaar nie en in Indië het 'n uitgerekte verkiessingsproses markte negatief beïnvloed. Die Turkse markte het ook swaargekry aangesien die geldeenheid van die land in die maand die swakste gevaar en met 6.7% teenoor die dollar verswak het.

STADIGER EKONOMIESE GROEI ONDERWERG

Die internasionale ekonomie het begin verswak en dit sal moeilik wees om in 2019 te beredder, volgens die jongste verslag deur die Brookings Institution en die *Financial Times*. Sentiment en ekonomiese aanwysers vir verskeie lande het sedert laat verlede jaar begin verswak, wat dui dat die momentum besig is om te verswak en dat nuwe ekonomiese planne as aansporing nodig is. Die verslag neem verskeie aanwysers in ag en het na syfers vir die afgelope ses maande in Amerika, Europa en China gekyk.

Professor Eswar Prasad of the Brookings Institution sê die stadiger groei dui sover nog nie op 'n resessie nie maar dat ekonomiese groei in verskeie lande besig is om te stoom te verloor. "Dit voorspel niks goeds vir daardie ekonomieë nie, gegewe bestaande makro-ekonomiese beleid," het hy gesê.

Bronne: Anchor Capital, Momentum, Financial Times, Wheels24, BusinessLive

PLAASLIKE MARKTE

- GROOT AFWAGTING VIR VERKIESING

MAAND IN OORSIG april 2019

LIGTE BLY AAN, POSITIEWE ATMOSFEER OP MARKTE

Eskom het kragvoorsiening in April aangeskakel gehou, wat die algemene bui van Suid-Afrikaanse beleggers verbeter het te midde van die veldtogte deur politieke partye in aanloop na die verkiesing in Mei. Die Suid-Afrikaanse mark het internasionale markte gevolg en die maand verstewig, die FTSE/JSE Indeks van Alle aandele het April 4.2% hoër as in Maart afgesluit.

Nywerheid en finansiële aandele het die beste gevaar maar hulpbronne het ietwat verswak. Die Nywerheidsindeks het in April met 6.6% teenoor Maart gestyg, grootliks gesteun deur randverskansingsaandele. Die Finansiële indeks het dieselfde styging behaal maar die Hulpbronne-indeks het maand op maand met 2% gedaal. Die dollarprys van goud het laat in April tot die laagste vlak in vier maande gedaal, danksy beleggers se keuse van meer riskante beleggings. Palladiumpryse het op die laagste punt vir die maand teen 15% laer as die hoogtepunt in Maart 2019 verhandel, terwyl die platinaprys tot die beste vlak sedert Junie 2018 gestyg het.

Die graderingsagentskap Moody's se besluit kort na die sluiting van markte aan die einde van Maart om SA se skuld nie af te gradeer nie het die rand gesteun, wat in die eerste helfte van die maand 4% stewiger verhandel het was en vir 'n wyle selfs laer as R14 teenoor die dollar. Dit het egter nie voortgeduur nie en die stewiger syfers het teen die einde van die maand verdwyn. Waarskynlik in afwagting op die uitslag van die verkiesing van 8 Mei.

HUISHOUDINGS BLY ONDER DRUK

Huishoudlike besteding het eens 'n beduidende bydrae tot die BBP gemaak, maar die mees onlangse syfers toon deurlopende afnames. Die SA Reserwebank skryf dit toe aan hoër persoonlike belasting, wat sedert 2015 'n negatiewe impak op besteebare inkomste het.

Die Bank verwag wel dat dit teen 2020 sal verbeter. Hoër elektrisiteitsariewe en ook stygings van onregstreekse belasting het ook druk op besteebare inkomste geplaas.

Daardie druk op huishoudings is ook duidelik in die jongste Verbruikersvertroue-indeks, wat 24 punte laer is as 'n jaar gelede. Die kragprobleme van Maart was waarskynlik die grootste bydraende faktor (die opname is tussen 4 en 25 Maart gedoen, tydens die ergste onderbrekings), maar verskeie ander faktore dryf ook die negatiewe sentiment. Dit sluit onder meer die hoër brandstofprys in – Suid-Afrikaanse verbruikers betaal nou die tweede hoogste brandstofprys ooit, net sowat 2% laer as die rekordprys van laat in 2018.

KLEIN VERBETERING IN VOERTUIGVERKOPE

Daar is in April 266 meer voertuie as in April 2018 verkoop, 'n styging van 0.7% teenoor die 36 528 wat in April 2018 verkoop is. Uitvoerverkope het weereens besonder goed gevaar en 11 571 (+53.8%) meer voertuie is in April uitgevoer, vergeleke met die ooreenstemmende maand verlede jaar.

Van die 36 794 voertuie wat verkoop is, is 86% deur handelaars verkoop, terwyl die voertuig verhuuringsmark vir 6.5% van die verkope verantwoordelik was en die regering het 2.6% van die nuwe voertuie gekoop.



BELEGGINGSEMINARE IN JUNIE

BRENTHURST WEALTH, IN SAMEWERKING MET RAPPORT EN MOMENTUM, GAAN IN JUNIE DRIE BELEGGINGSEMINARE IN STELLENBOSCH, GEORGE EN PRETORIA AANBIED.

Sprekers Magnus Heystek, Direkteur en Beleggingstrateeg van Brenthurst, ekonoom Mike Schussler en Beleggingsdirekteur van Momentum Wealth International, Glyn Owen, sal hul insigte deel van wat hulle van markte verwag ná afloop van die verkiesing in SA en die verwagte stadiger internasionale ekonomiese groei.

BESPREEK HIER: <http://www.bwm.co.za/seminars/>



Let daarop dat die aanbiedings grootliks in Afrikaans sal wees

SÊ JOU SÊ EN STAAN 'N KANS OM R10 000

Brenthurst Wealth is in 2017 as die Top Boetiek Welvaartbestuurder in SA aangewys en as die naaswenner in 2018. Die proses om die 2019 wenner te bepaal is nou onderweg.

Neem aan die projek deel en staan 'n kans om R10 000 te wen.


KLIK HIER: IntellidexWealthManagerSurvey

SLIM WENK

MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE PLAN AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDEN VERANDER

Om welvaart te bou, te beskerm en te groei vereis 'n langtermyn finansiële plan. Hierdie soort plan is nie iets wat net een keer ondersoek en in werking gestel word nie. Dit moet aangepas word wanneer omstandighede verander. Byvoorbeeld 'n keuse om vroeër af te tree, 'n egskeding of van werk verander en groter inkomste verdien. Enige gebeure kan 'n impak op 'n finansiële plan of beleggingstrategie hê of ook kwessies soos die bepaling van 'n testament beïnvloed. Raadpleeg jou adviseur om seker te maak dat jou strategie van pas is vir jou nuwe omstandighede.

MAURITIUS	+230 584 35215
JOHANNESBURG	+27 (0) 11 799 8100
SANDTON	+27 (0) 10 035 1391
PRETORIA	+27 (0) 12 347 8240
NEWLANDS	+27 (0) 21 418 1236
BELLVILLE	+27 (0) 21 914 9646
STELLENBOSCH	+27 (0) 21 882 8706



BRENTHURST WEALTH IS IN 2017 AS DIE TOP BOETIEK WELVAARTBESTUURDER IN SA AANGEWYS EN WAS DIE NAASWENNER IN 2018 IN DIE INTELLIDEX PRIVATE BANKE EN WELVAARTBESTUURDERS TOEKENNINGS.